VOORWOORD

Al die artikels in hierdie uitgawe van *Literator* is geskryf deur oudstudente van prof. dr. W.N. Coetzee (1910 – 1980). Professor Coetzee was van 1943 tot 1978 aan die P.U. vir C.H.O. se Latyndepartement verbonde, en vanaf 1954 as professor en departementshoof. Hy het ook vir 'n termyn as Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte gedien. Sy belangstelling en invloed het veel wyer gekring as die akademie: hy het hom ook onderskei as kerkman, kenner van die beeldende en uitvoerende kunste, as sportman en gesinsmens. Maar bowenal was hy akademikus wat sy studente kon inspireer. Sy akademiese visie het ook veel wyer gestrek as die Klassieke. Daarvan getuig die feit dat sy oudstudente werksaam is in verskillende vertakkinge van die akademie, nie net in Latyn nie, maar ook in Grieks, Semitiese Tale, Frans, Filosofie en Teologie, om slegs enkeles te noem. Uit waardering vir sy onvermoeide ywer om navorsing in die geesteswetenskappe te stimuleer, word hierdie bundel artikels aan sy nagedagtenis opgedra.

Prof. A.G.P. van der Walt
Departement Latyn
PU vir CHO